

DIE GEBRUIK VAN GRAPPE EN RAAISELS IN 'N LEESBEVORDERINGS-PROJEK: 'N LOODSSTUDIE IN DIE WES- EN OOS- KAAP

MARITHA SNYMAN _____

Departement Inligtingkunde
Universiteit van Pretoria
marithas@lapa.co.za

CECILIA PENZHORN _____

Departement Inligtingkunde
Universiteit van Pretoria
Cecilia.Penzhorn@up.ac.za

ABSTRACT

This article documents a reading and writing promotion project amongst learners attending under-privileged schools with Afrikaans as medium of instruction in the West and Eastern Cape. The premise of this study was that reading and writing should be fun and that books created for children should be reader centred. Learners were asked to take part in a voluntary writing competition which entailed writing down a joke or a riddle. These were selected and compiled in an economically produced booklet that the learners could buy at a nominal price.

Feedback from both the learners and teachers at participating schools revealed the booklet to be a great success. Two main factors that contributed to this success were: participation, i.e. the fact that the readers were part of the project which empowered them and fostered a sense of self-worth; and the fact that they could identify with the book in terms of the language used and the circumstances portrayed in the book. The popularity of the book in terms of sales showed that even children with very little money will buy books that interest them.

As this was a pilot project, the long-term advantages of the project cannot be predicted. However, the immediate effect of the project was visibly positive and could provide guidelines for the planning of similar reading promotion projects in the future.

KEYWORDS

Reading, readership studies, reading promotion, children, joke books, South Africa

1 AGTERGROND TOT DIE STUDIE

Navorsing toon dat daar dwarsoor die wêreld 'n drastiese afname is in die getal mense wat lees. Anders as in die verlede spandeer mense, wanneer hulle inkomste verhoog, hul geld eerder aan ander vorme van ontspanning as op lees (Gallik 1999; Long 2005; Machet 2005). Daar is verskeie oorsake vir hierdie afname. Dit sluit die volgende faktore in:

- Gebrek aan vroë taal- en leesondervinding;
- Ouers wat lees nie geniet nie en dit sien as werk eerder as genot en dus nie die waarde van lees verstaan nie;
- Swak basiese vaardighede waar ouers se leesvaardigheid swak is en waar hulle nie die selfvertroue het om kinders te help lees nie;
- Ekonomiese en finansiële hindernisse soos gebrek aan behuising, swak gesondheid, of werkloosheid wat alles bydra daartoe dat lees beskou word as 'n luukse eerder as 'n noodsaaklikheid.

In Afrika word die swak leeskultuur deur Land (2003) en Sisulu (2004) toegeskryf aan unieke probleme soos:

- Toestande in skole wat insluit oneffektiewe onderrigmetodes, onderwysers wat nie opgelei is in moderne leesmetodes en -tegnieke nie, en 'n tekort aan opgeleide taalonderwysers en bibliotekaris se om lees in skole te bevorder;
- Swak ekonomiese in die meeste Afrikalande wat die beskikbaarheid van leesmateriaal aan die algemene publiek negatief beïnvloed. Openbare biblioteke ly die swaarste hieronder;
- Die gevolg van kolonialisering in die sin dat 'n plaaslike lokale uitgewersbedryf nooit ontwikkel en gevestig is nie sodat daar steeds gesteun word op ontoepaslike ingevoerde boeke;
- Die gevolg van 'n oorwegend orale kultuur en 'n skoolopleiding in koloniale tale wat tot gevolg het dat baie volwassenes steeds ongeletterd is en die meeste kinders grootword in huise waar lees nie deel van hul lewe is nie.

Ook in Suid-Afrika is die gebrek aan lees en verwante probleme merkbaar. Suid-Afrika is tans een van die lande met die laagste lees- en skryfvaardighede in die wêreld. Fleischer bevind byvoorbeeld in 2008 dat slegs 5,6% van graad vyf-leerders somme kon doen wat begrip van omskakeling vereis (Fleischer 2008). Le Cordeur (2010) toon aan dat slegs

die helfte van alle graad ses-leerlinge in die Weskaap wat in 2009 geletterdheidstoetse afgelê het, die verlangde slaagsyfer van 50% behaal het.

Verskeie faktore, waarvan sommige ooreenstem met dié wat hierbo genoem is, het 'n negatiewe impak op leerders in Suid-Afrika se lees-en skryfvaardighede. Hierdie faktore sluit die volgende in:

- **Sosio-ekonomiese probleme**

Suid-Afrika worstel met armoede. Vyf-en-sewentig persent van die bevolking verdien minder as R50 000 per jaar (Biz-Community 2010). Dit plaas 50% van Suid-Afrika se bevolking onder die armoedelyn soos bepaal deur die Verenigde Volke Organisasie (Webb 2010). Tans word die werkloosheidskoers deur Statistiek Suid-Afrika op 25,2% bereken (Stats SA 2010).

Daarbenewens het die HIV/VIGS-epidemie Suid-Afrikaners se gesinslewe geërodeer. Baie kinders is die hoofde van huishoudings waar beide ouers as gevolg van die epidemie oorlede is. Suarez (2009) skryf oor hierdie probleem en sê: “There’s a huge backload of cases that have completely overwhelmed the system.” Die gevolg daarvan is dat kinders soms honger moet skool toe gaan. Boeke en ander leermiddels is 'n luukse wat hulle nie kan bekostig nie

Bykomend tot hierdie probleme het die ekonomiese beleid van die ANC sedert 1994 'n klein politieke swart elite ontwikkel ten koste van die groot meerderheid swart en armer mense. McKinley (2010) stel dit so: “The result is that contemporary BEE in South Africa has become, more than ever, the prime practical vehicle for elite accumulation, rent seeking and corruption as well as the conceptual cover for extreme inequality.” Hierdie situasie word vererger deur korrupsie wat Suid-Afrika 55ste uit 180 lande geplaas het op die *Corruption Perception Index*. Suid-Afrika behaal 'n gemiddel van 4,7 op 'n skaal van 1 tot 10, waar nul die hoogste korrupsie en tien die laagste korrupsievlak aandui (Taylor 2010). Die gebrek aan leesmateriaal by skole word, saam met ander probleme, toegeskryf aan die wanbesteding van fondse; ook by die aankoop van leesmateriaal vir biblioteke op alle vlakke (FEDSAS 2009a, 2000b, 2010).


- **'n Oneffektiewe onderwysstelsel in Suid-Afrika**

Bogenoemde toestand van sake word vererger deur 'n onderwysstelsel wat, as gevolg van verskeie faktore, nie effektief bedryf word nie (Chisholm 2004). Na 1994 het die onderwysstelsel in SA verander van inhoudsgebaseerd na uitkomsgebaseerd. Hierdie verandering het plaasgevind sonder om die realiteit van die gebrekkige opleiding van onderwys en swak toegeruste skole (onder meer die nagevolge van die apartheidstelsel) in ag te neem. Biblioteke by skole is gesluit sodat 60% van skole nie biblioteke het nie (Ribbens 2008:107). Ironies genoeg is dit staatskole in voorheen benadeelde gebiede wat die ergste deur die

omstandighede, soos hierbo beskryf, geraak word en nie die voormalige model C skole waar ouers se finansiële bydraes die staat se tekortkominge kan aanvul nie (Chisholm 2004; FEDSAS 2009b).

- **Meertaligheid in Suid-Afrika**

’n Verdere probleem wat negatief inwerk op die onderwys is die uitvoering van Suid-Afrika se meertaligheidsbeleid. Die Suid-Afrikaanse grondwet bepaal dat daar 11 amptelike tale is wat almal gelyk behandel moet word. Tans word Engels egter voorgestoot as die *lingua franca* ten spyte van hierdie bepaling en ten spyte van die profiel van moedertaalsprekers in die land (sien Figuur 1).



Figuur 1: Taalverspreiding in Suid-Afrika

In die onderwys kom dit daarop neer dat hoofsaaklik twee tale as onderwystale gebruik word, naamlik Afrikaans en Engels. Die meeste skole verskaf nie onderrig in een van die ander inheemse tale nie. Selfs kinders wat Engels glad nie of beswaarlik verstaan, word in Engels onderrig, terwyl Afrikaanstalige skole onder druk geplaas word om ook in Engels onderwys te gee.

- **Gebrek aan leeskuiluur**

Daar is geen twyfel dat lees een van die fundamentele boustene is vir leer en ook vir die ontwikkeling van mense se kritiese en kreatiewe denke. Ogunrombi en Adio (1995:50) wys daarop dat lees redenasievermoë, verbeelding en oordeel van die leser vereis. Lees is ’n transaksie tussen leser en teks, ’n proses wat begin as die leser betekenis heg aan die woorde op papier, die woorde omsit in betekenis (die kode verstaan) en dit dan interpreteer (Agee 2005:249). Om hierdie proses baas te raak, is leer en oefening nodig. Indien lees nie ’n “gewoonte”¹ is by die meeste lede van ’n gemeenskap nie, word daar gepraat

van die gebrek aan 'n leeskuiluur. Olaofe (2003:96) definieer 'n leeskuiluur as "the art of inculcating reading habits and interest in learners through conducive reading environments and copious reading activities". Indien lees as 'n lewenswyse beskou kan word en 'n aktiwiteit is wat aanhoudend beoefen word, kan mens praat van 'n leeskuiluur.

Die gebrek aan 'n leeskuiluur in Suid-Afrika word deur, onder andere, Machet (2005) en Sisulu (2004) beskryf. Hulle dui aan dat die meeste Suid-Afrikaners nie lees nie. Dit het 'n negatiewe invloed op die ontwikkeling van Suid-Afrika se menslike kapitaal.

2 LEESBEVORDERING

Hierdie studie val binne die studieveld "Leserstudies" en wel binne die spesifieke fokusarea wat as "Leesbevordering" bekend staan. Leesbevordering beteken basies om die algemene publiek lief te maak vir lees (Cruz 2003) deur lesers se leesplezier te verhoog. Glashoff (1992:3) beklemtoon dat die doel van leesbevordering daarop neerkom dat individue ondersteun word om te lees deur hulle leeservaring te verbeter sodat hulle plezier uit lees put.

'n Leesbevorderingsprojek is 'n uitvloeisel van hierdie doelwitte en kan gedefinieer word as 'n veldtog wat verskeie vorms kan aanneem en wat ten doel het om belangstelling in lees te ontwikkel deur die skep van 'n omgewing wat toegang tot leesmateriaal vergemaklik en 'n leeskuiluur ontwikkel, veral onder nie-tradisionele lesers (Elkin, Train & Denham 2003:2; Rosenberg 2003). Grondliggend tot leesbevorderingsprojekte is die beginsel dat leesmotivering moontlik is omdat mense 'n inherente vermoë het om te kommunikeer en dus gemotiveer kan word om te lees deur interne en eksterne stimulering en aanmoediging (Sullivan 1976:7).

Twee tipes leesbevorderingsprojekte kan geïdentifiseer word, naamlik boekgesentreerde en lesergesentreerde projekte.

Boekgesentreerde projekte se doel is die voorsiening van geskikte leesmateriaal aan alle (of spesifieke) segmente van die samelewing (Print Industries Cluster Council 2005). Die boekgesentreerde benadering beklemtoon toegang tot leesmateriaal (Rosi 2005:13; Sangkaeo 1999). Die boek is dus sentraal tot die leesbevorderingsaktiwiteit. Lees word bevorder omdat daar leesmateriaal aan gemeenskappe verskaf word wat dit nie het nie.

Lesergesentreerde projekte motiveer lesers deur die skep en ontwikkeling van die leesgewoonte met die doel om te verseker dat mense lief raak vir lees (National Library of Malaysia 2000). In hierdie benadering staan die leser en die leeservaring eerste (Spencer & Mathieson 2003:393). Daar word ook daarna verwys as leserontwikkeling wat fokus op die driehoekige verhouding tussen leser, teks, en die interaksie tussen die twee. Attenborough (2000:112) beveel hierdie benadering aan en dui op die noodsaaklikheid om die leser sentraal te plaas en nie die boek of die skrywer nie. Om die individuele

leeservaring te meer positief te maak, is dit nodig om alle hindernisse wat in hierdie proses se plek staan, te verwyder. Dit sluit onder andere snobisme, skuldgevoelens, elitisme, en 'n gevoel van mislukking in.

In Suid-Afrika bestaan daar heelwat staats- en private inisiatiewe om geletterdheidsvlakke te verhoog en lees te promoveer. Die meeste van hierdie inisiatiewe vorder egter nie verder as boekdonasies nie en in bitter min projekte word die impak van die projek op die individuele leser gemeet (Chiswina 2010). Daar kan met redelike sekerheid beweer word dat, afgesien van enkele kleiner suksesvolle projekte soos READ, Born to Read en Biblionef, daar nie van grootskaalse leesbevorderingsprojekte in Suid-Afrika gepraat kan word nie.

3 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die gebrek aan suksesvolle grootskaalse leesbevorderingsprojekte bestaan ten spyte van die realiteit dat die meeste kinders in Suid-Afrika nie behoorlik kan lees nie. Daar bestaan ook nie by hulle 'n behoefte om te lees nie. 'n Studie oor die leesgewoontes van Afrikaanse kinders (Snyman 2006) het aangetoon dat slegs 6% “baie” van lees hou en nog 11% “bietjie” van lees hou. Dit beteken dat slegs 16% van Afrikaanse kinders hoegenaamd 'n positiewe houding teenoor lees het. Dit klop met Machet (2005) se studie oor die leesgewoontes van Engelssprekende kinders. Hierdie studies is onderneem met kinders wat toegang tot boeke gehad het. Dit beteken dat al sou die ekonomiese en opvoedkundige struikelblokke (soos hierbo genoem), uit die weg geruim word, Suid-Afrikaanse kinders steeds nie die behoefte sal voel om te lees nie. Hulle houding teenoor lees sal dus moet verander.

Ten einde hierdie probleem aan te spreek, is 'n loodsstudie onderneem met die doel om te bepaal hoe die houding van kinders teenoor lees positief verander kan word. Hierdie artikel is die dokumentering van 'n klein leesbevorderingsprojek onder Afrikaanssprekende kinders in Suid-Afrika waarin sterk op 'n lesersgesentreerde benadering gesteun is.

Die aannames waarop die loodsstudie gesteun het, is die volgende:

- Vir leesmateriaal om relevant te wees, moet dit so na as moontlik aan die potensiële leser se onmiddellike omgewing wees (Obanya 2003:3). Die leser moet met die inhoud van die boodskap kan identifiseer sodat konsepte, idees en feite nie vreemd vir die leser is nie en dus nie die leeservaring onnodig moeilik maak nie. As lesers die inhoud moeilik vind om te verstaan en nie sin daaruit kan haal nie, sal hulle negatiewe houding teenoor lees voortduur. Lees moet deur lesers ervaar word as iets wat waarde inhou (Tronbacke 1996; Glashoff 1992:330).
- Lees moet pret wees.

- Leesbevordering moet lesergesentreerd wees en moet die leerder betrek in die skeppingsproses van die boek. Indien kinders aktief aan die lees- en skryfproses deelneem, sal hulle houding teenoor lees positief beïnvloed word.

Onderliggend aan hierdie drie aannames was die ideaal dat die projek sou meehelp om aan die leerders 'n gevoel van eiewaarde te gee. Die leesbevorderingsprojek moes hulle bemagtig om te glo dat hulle 'n invloed op hul eie omstandighede kan uitoefen.

'n Tweede doelwit, wat verband hou met die eerste, was om, binne die beperkings van die loodsstudie, die moontlikheid te ondersoek dat selfs behoeftige kinders boeke sal koop as dit binne hulle finansiële vermoë is.

4 METODOLOGIE

Die keuse van die metodologie is gebaseer op insigte uit die literatuur, die vorige ondervinding van een van die navorsers² en algemene kennis van praktisyns wat betrokke is by leesbevorderingsprojekte.

In die navorsing is die grapboeke³ gebruik om trae lesers aan te moedig om te lees. Die rasonaal agter die gebruik van dié genre is dat trae lesers onmiddellike bevrediging kry uit die kort geskrewe tekste van grapboeke en dat grapboeke 'n soort kultusstatus onder leerders kan kry omdat almal die boeke wil besit sodat hulle die grappe vir hulle maats kan voorlees en daaroor praat.

4.1 NAVORSINGSBEVOLKING

Daar is besluit om leerders te selekteer uit behoeftige Afrikaanse skole in Suid-Afrika. Die keuse is verder beperk tot gemeenskappe waar leerders nie toegang tot boeke het nie en daar dus skaars van 'n lees kultuur gepraat kan word; waar daar geen biblioteke is nie en geen lees materiaal bestaan wat die toepaslike variant van Afrikaans of die konteks van 'n spesifieke gemeenskap uitbeeld nie.

Uit hierdie bevolking is behoeftige skole in die Wes- en Oos-Kaap geïdentifiseer waar Afrikaans die voertaal is. Deur middel van ewekansige en doelgerigte steekproefneming is 25 skole geselekteer. Die hoofde van die skole is genader en gevra of hulle aan die ondersoek wou deelneem. Die meeste van die hoofde (11) het nie belanggestel om aan die projek deel te neem nie. Sommige van hulle het belanggestel maar geen inskrywings het die navorsers bereik nie (4). Op die ou end het slegs vyf skole deelgeneem en inskrywings ingestuur. Hulle was:

- Mamre Primary (Atlantis naby Kaapstad)
- Laerskool Elizabethfontein (Clanwilliam)
- Klapmuts Primary (Stellenbosch)

- Laerskool Stulting (Humansdorp)
- Laerskool Okkie Smuts (Stanford).

4.2 NAVORSINGSPROSES

Tydens die navorsingsproses is leerders van graad 3 en ouer genooi om deel te neem aan ’n vrywillige skryfkompetisie. Dit het behels dat hulle ’n grappie, raaisel of rympie wat hulle ken of uitgedink het, moes neerskryf. Die opdrag was dat hulle nie besorg moes wees oor die korrektheid van hulle taal en spelling nie en moes skryf soos hulle praat sodat spontane skryfsels, in die taal wat die leerders daaglik gebruik, bekom kon word. Dié leerders leer standaard-Afrikaans in die skool en word aangemoedig om dit, bo die variant van Afrikaans wat hulle praat, in skoolverband te gebruik.

Die leerders se skryfsels is na die navorsers gestuur waar hulle geselekteer is vir moontlike publikasie. Die kriteria wat gebruik is vir seleksie was gepastheid, kreatiwiteit en vermaaklikheidswaarde. Veranderinge aan die leerders se werk is slegs aangebring in gevalle waar spellings of segswyse begrip verhinder het of waar woorde ooglopend verkeerd gespel is. Daar is sorg gedra dat die leerders se gebruik van Afrikaans behou word.

Die geselekteerde skryfsels is gekategoriseer en opgeneem in ’n klein boekie. Die boekie is geproduseer teen die laagste prys moontlik in ’n poging om dit binne die finansiële bereik van die leerders te bring. Keuring, redigering en uitleg is kosteloos deur vrywilligers gedoen. Daar is gepoog om ’n boek te maak wat “anders” en “jonk” sou lyk sonder om duur te wees. Die publikasie moes in alle opsigte die teikenleser tegemoet kom sodat daar so min as moontlike struikelblokke in die interaksie tussen leser en teks sou wees. Daar is besluit om ’n boek te publiseer in die formaat van ’n A4-bladsy wat oor die lengte gevou is. Die voorblad se ontwerp was eenvoudig en veelkeurig, die papier was goedkoop en die inhoud is gedruk in Arial 14 pt. Die titel van die boekie *Lekker dui-de-like grappe geskryf deur kinnners van die Kaap (Wes en Oos)* is gekies om aanklank by die teikenlesers te vind. Twee duisend boeke is gedruk teen ’n koste van R4.60 per boek. Hier onder is ’n afbeelding van die boek.



Figuur 2: Die voltooide publikasie

Elke leerder van wie 'n bydrae in die boekie verskyn het, het 'n gratis kopie van die boek ontvang. Die Afrikaanse taalonderwysers by elke skool het twee gratis kopieë ontvang wat hulle aan hulle klasse moes beskikbaar stel. Boeke is aan die leerders wat aan die navorsing deelgeneem het, aangebied teen R5.00 per boek. Die beste drie inskrywings per skool is aangewys en die wenners het 'n prys ontvang wat oorhandig is tydens 'n saalperiode. Leerders waarvan daar nie bydraes in die grapboek verskyn het nie en nie aan die navorsing deelgeneem het nie, is aangemoedig om die boek te lees of te koop teen R10.00 per kopie.

'n Resepsiestudie oor die ontvangs van die boekie is daarna deur die navorsers by die deelnemende skole uitgevoer. Die graad 7-klas by elke skool is gekies om 'n kort vraelys oor die boekie te voltooi. Leerders se resepsie ten opsigte van die prys van die boek, hulle leeservaring en hulle houding teenoor die projek is getoets. Die vraelys het 'n kombinasie van kwantitatiewe en kwalitatiewe vrae ingesluit soos hieronder aangedui word:

- In watter graad is jy?
- Watter taal praat jy by die huis?
- Het jy die boekie gelees?
- Is jy bereid om te betaal vir hierdie boekie?
- Is R10.00 te veel vir hierdie boekie?
- Het jy al ooit uit eie keuse 'n boek gelees?
- Het jy van *Lekker dui-de-like grappe geskryf deur kinnners van die Kaap (Wes en Oos)* gehou?
- As jy daarvan gehou het, skryf die rede neer.

In-diepte onderhoude met die hoofde en Afrikaansonderwysers van deelnemende skole het gevolg waartydens inligting oor die demografie van die skool en die leerders se vlak van entoesiasme en samewerking aan die projek verkry is.

5 BEVINDINGS

Nadat die data geanaliseer is, het drie temas na vore gekom waaruit inligting oor 'n moontlike model vir leesbevordering afgelei kon word.

5.1 DIE DEELNEMINGSVLAK

Die deelnemingsvlak aan hierdie projek was besonder laag.

5.1.1 Skole

Slegs vyf uit die 20 skole wat genader is, het deelgeneem. Redes hiervoor is moontlik te wyte aan die volgende faktore:

- Die hoofde en/of Afrikaansonderwysers het nie die kompetisie reg verstaan nie.
- Daar is 'n gebrek aan entoesiasme by die hoofde en/of Afrikaansonderwysers.
- Daar bestaan nie genoeg insig oor die dringendheid en belangrikheid van leesvaardigheid by die hoofde en/of Afrikaansonderwysers nie.
- 'n Gevoel van hopeloosheid oor die sosio-ekonomiese omstandighede van die skool bestaan by die hoofde en/of Afrikaansonderwysers.
- Die hoofde en/of Afrikaansonderwysers het nie tyd om aan sulke projekte deel te neem nie.

Daar sal dus metodes bedink moet word om onderwysers positief in te stel teenoor soortgelyke leesbevorderingsprojekte by hulle skole.

5.1.2 Deelnemers

Een van die vyf skole was verantwoordelik vir ongeveer 80% van die bydraes wat uiteindelik in die boekie verskyn het. Die aantal en gehalte van die bydraes is waarskynlik deur die volgende faktore beïnvloed:

- Die hoofde en/of Afrikaansonderwysers se motivering en entoesiasme.
- Beperkings as gevolg van die demografie van die skool.
- Die akademiese potensiaal van leerders in die skool, soos die voorkoms van die Foetale Alkohol Sindroom wat die leerders se vermoë om te presteer negatief beïnvloed.

5.2 DIE INHOUD VAN DIE BYDRAES

Die volgende unieke kenmerke is in die inhoud van die respondente geïdentifiseer.

5.2.1 Die beskrywing van die sosio-ekonomiese omstandighede in die tekste

Die skryfsels het die sosio-ekonomiese omstandighede van die deelnemers weerspieël. 'n Groot gedeelte van die bydraes het oor armoede gehandel.

*Jou ma is so arm ...
... sy teken furniture op die muur.*

*Jou voete is so skurf ...
... as jy naby die dorings loop dan skinner hulle van jou voete.*

*Jou huis is so klein ...
... jy en jou ma baklei oor slaapplek.*

Daar was ook bydraes oor die misdaad wat die gemeenskappe teister waarvandaan die deelnemers kom.

*Die dief is so bekend ...
... as hy verby 'n kar stap, gaan die alarm vanself af.*

Die probleem van hoë tienerswangerskappe is ook aangespreek in die bydraes.

*Ek sê pa.
Ek sê ma.
Maar die baba
bly nja nja.*

*Drukkies en soentjies,
maak babaskoentjies.*

5.2.2 Die ideologiese en politieke posisionering van die gemeenskappe

Die inhoud van die leerders se skryfsels weerspieël ook die ideologiese en politieke persepsies van die gemeenskappe waaraan die kinders blootgestel word.

Die eerste interessante waarneming is dat die grappe verwysings bevat na die historiese verlede van die oorwegend bruin Afrikaanssprekendes wat aan die projek deelgeneem het en wat veral die spot dryf met die Nederlandse kolonialisering van die Kaap en die slawegeskiedenis van die Kaap de Goede Hoop weerspieël. In die grappe van wit Afrikaanssprekende kinders⁴ is Koos/Jan van der Merwe gewoonlik die karakter ten koste van wie die grap vertel word. In die grappe wat van hierdie respondente ontvang is, is die gek Jan van Riebeeck. Jan van Riebeeck was die eerste Nederlandse kommandeur wat deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanje aan die Kaap aangestel is in 1652. Vergelyk die volgende voorbeelde:

*Hoekom het Jan van Riebeeck altyd met sy bike onder sy kussing geslaap?
Want as hy te vinnig droom, kan hy die briek trek.*

*Waarom het Jan van Riebeeck sy huiswerk op die dak gedoen?
Sodat hy kan afkyk.⁵*

Sommige van die inskrywings verwys ook na die huidige politieke omstandighede in die land. Die volgende twee reëls is 'n uittreksel van 'n oorspronklike bydrae van een van die respondente.

*Zuma kyk mooi na onse land
in die plakkerskampe bly dit brand.*

5.2.3 Taalverskille

Afrikaanse streekstaal word nie dikwels in kommersiële Afrikaanse publikasies aangetref nie. Die verskille tussen standaardAfrikaans en die taal wat deur die respondente gebruik word, het in sommige gevalle so verskil dat die navorsers wat standaardAfrikaans gebruik nie alle woorde kon verstaan nie. Die woord “duidelike” wat in die titel van die boekie gebruik is, is so 'n voorbeeld. In standaardAfrikaans beteken die woord “op begrypbare wyse/helder” (Odendaal & Gouws 2009); in die streekstaal van die respondente beteken dit “lekker of prettig” – 'n betekenis wat nie in woordeboeke van standaardAfrikaans voorkom nie.

In die grappie hieronder beteken “gamste” tandvleis. Dis ook nie 'n woord wat in standaardAfrikaans bekend is nie.

*Jou oupa is so oud ...
... daar groei hare in sy gamste.*

In die volgende grappie word die frase “maak ’n saak van” ook nie algemeen in standaardAfrikaans gebruik nie.

*Julle is so arm ...
... julle maak ’n saak van ’n ryskorreltjie.*

5.3 RESEPSIE VAN DIE BOEK

’n Analise oor die resepsie van die boek het die volgende bevindings opgelewer.

5.3.1 Kwantitatiewe bevindings

Die kwantitatiewe bevindings van die vraelys wat by die skole afgeneem is, volg.

- Huistaal
 - 91,1% van die respondente praat Afrikaans tuis;
 - 6,6% praat Afrikaans en Engels; en
 - 2,2% praat ander tale, hoofsaaklik Sotho.

Die huistaal van die meeste respondente is dus Afrikaans.
- Blootstelling aan die boek
 - 89,8% van die respondente het die boek of gedeeltes uit die boek gelees.
- Koste van die boek
 - Slegs 14,2% het gevoel dat R10.00 en selfs R5.00 te duur is vir die boek.
 - 41,2% van die respondente sal R10.00 of meer vir die boeke betaal. (Neem in ag dat die meeste van hierdie leerders in skole is waar skoolvoedingskemas noodsaaklik is.)
- Blootstelling aan boeke
 - 89,9% van die respondente het aangedui dat hulle voorheen ’n boek op hulle eie gelees het. (Die hoë persentasie van die respondente wat die vraag positief beantwoord het, is ongeloofwaardig gegee hulle beperkte toegang tot boeke. Hulle het moontlik die vraag nie reg verstaan nie of hulle was skaam om hulle gebrek aan lees en leesstof aan te toon.)
- Resepsie van die boek
 - 99,4% van die respondente het aangedui dat hulle die boek geniet het.

Van hierdie bevindings is die volgende afleidings gemaak:

- Die respondente voel positief teenoor die publikasie.

- Leerders sal bereid wees om boeke wat hulle geniet teen laer pryse te koop en besit (41,2% het aangedui dat hulle R10.00 of meer vir 'n soortgelyke boek sal betaal).

Hierdie bevinding baan die weg vir die moontlikheid van kommersiële publikasies van soortgelyke titels mits daar massa-oplae is, daar afsetpunte bestaan wat die teikenlesers kan bereik en die uitgewery nie op hoë winste alleen ingestel is nie.

5.3.2 Kwalitatiewe bevindings

Die kwalitatiewe vraag in die vraelys is geanaliseer deur gebruik te maak van oop kodering van die response en het meer lig gewerp op die redes waarom die boek so positief deur die respondente ervaar is.

In die eerste plek het die geskrewe antwoorde op die vraag die respondente se lae skryfvaardigheidvlakke gedemonstreer. Sommige van die respondente formuleer so swak dat hulle antwoorde onverstaanbaar was.

Die meeste respondente het geskryf dat hulle die boekie geniet het omdat dit “lekker” en/of “snaaks” was. Die grappies is bestempel as “interessant” of het hulle iets “geleer”. Die moontlikheid is nie uitgesluit dat van die response gemotiveer is deur die respondente se verwagtinge oor wat die navorsers wou hê hulle moet antwoord nie.

Van meer belang is egter die response wat getuig het van oorspronklike idees en insigte. 'n Hele paar respondente het aangedui dat hulle die grappe sal onthou en dat dit hulle sal opbeur as hulle “hartseer/verdrietig” is. Daar is 'n paar ander temas wat geïdentifiseer is en wat in die toekoms meer beklemtoon moet word in navorsing wat op hierdie projek sal volg. Al vier die temas wat hier onder gelys word, was ook prominent in die in-diepteonderhoude met die hoofde van die skole.

- Die projek het 'n gevoel van bemagtiging by die leerders geskep: “Dis lekker om te sien dat ons kinders talent het”; “ons skool maak die beste grappe waarvan ek weet”; “kinders het die snaakste (sic) grappe geskryf wat ek nog ooit gehoor het”; “dit wys kinders kan grappe maak”.
- Die deelnemende aard van die boek het 'n opgewondenheid rondom die boek geskep. Dit was “in” om die boek te lees – tot so 'n mate dat 'n paar boeke onregmatig van einaar verwissel het! Die volgende response het hierdie tema aangeraak: “ek dink die kinders wat die grappies geskryf het het dit baie geniet”; “omdat my grap daarin is”; “my naam is in die grapboek maar dis heel agter in en my van is verkeerd gespel”. Sommige respondente het ook die wens uitgespreek dat die projek weer moet plaasvind: “ek dink ons kan weer grappe instuur”; “dit sal opwindend wees as die skool weer so iets doen”.

- Die respondente kon met die grappe in die boeke identifiseer en nie net omdat hulle dit self geskryf het nie, maar ook omdat die lees van die grappe vir hulle waarde ingehou het: “mens kan die grappe vir jou maats vertel”.
- Verskeie response het aangedui dat die respondente die behoefte het om boeke te besit: “... omdat ons dit kon koop”; “sal graag my eie een wil koop”.

6 GEVOLGTREKKING

Die onmiddellike impak van die projek was sigbaar positief. Die skoolhoofde het by die navorsers gepleit dat die projek volgende jaar voortgesit moet word. Die prysuitdelings is met groot opgewondenheid meegemaak. Al die kinders wou boeke koop en boeke hê.

Dit is egter moeilik om te sê of die projek enige langtermyn voordele sal hê. Om op die langtermyn 'n liefde vir lees aan te kweek, is 'n proses wat oor tyd moet strek en herhaaldelik versterk moet word. Wat wel belangrik is, is dat die loodsstudie aan die navorsers kon rigting gee by die toekomstige beplanning van leesbevorderingsprojekte vir hierdie teikengroep.

'n Saak wat beslis aandag sal moet geniet, is die motivering van onderwysers en skoolhoofde om sodanige projekte te ondersteun.

Die volgende twee aspekte, wat die vernaamste faktore was wat bygedra het tot die klaarblyklike korttermynsukses van hierdie loodsstudie, moet as kern van 'n volgende projek beskou word.

6.1 DEELNAME

Die feit dat die teikenlesers van die leesbevorderingsprojek deel was van die proses, dat hulle name en dié van hulle vriende in die boek verskyn het, het hulle bemagtig en aan hulle 'n gevoel van eiewaarde gegee. Dit het weer die noodsaak van 'n lesersgesentreerde benadering beklemtoon waar die konteks van die leser – in hierdie geval behoeftige en gemarginaliseerde leerders – by die leesbevorderingsprojek in ag geneem is.

6.2 IDENTIFISERING

Uit hulle response was dit duidelik dat hulle kon identifiseer met die boek. Daar was geen afstand of hindernis wat die boek vir hulle ontoeganklik gemaak het nie. Hierdie waarneming berus op die volgende vier temas wat deur die respondente aangespreek is:

- Die taal in die boek was beduidend anders as die standaardAfrikaans wat hulle in die skool leer. Dit was hulle eie taal, waarmee hulle kon identifiseer.
- Die konteks wat deur die inhoud van die boek geskets word, kom ooreen met hulle eie omgewing.

- Die feit dat hulle gevoel het hulle kan die boek gebruik en dat dit, juis omdat hulle daarmee kon identifiseer, vir hulle van waarde is. Krashen (aangehaal in Ross, McKechnie & Rothbauer 2006:8) onderstreep ook die noodsaaklikheid dat leesmateriaal wat vir leesbevordering gebruik word, interessant en van waarde vir die lesers moet wees.
- Selfs kinders wat nie geld het nie, sal boeke koop. Hierdie studie bewys dat boeke nie duur en van hoë kwaliteit hoef te wees om deur kinders geniet te word nie. Geen melding van die boek se lae kwaliteit is gemaak deur leerders of onderwysers nie.

Dit was die sigbare plesier wat die boek verskaf het wat die waarde daarvan as voorkeurleesstof bepaal het. Hierdie bevindings korreleer met onder andere die uitspraak van Glashoff (1992:3) wat beklemtoon dat leesbevordering die leser se leesplezier voorop moet stel. Afgesien daarvan dat die aard van die leesmateriaal wat in die studie gebruik is in die kinders se smaak geval het, het die feit dat die boeke na die kinders geneem is (Spencer & Mathieson 2003:400) waarskynlik ook 'n rol gespeel.

The study found that taking books to where the young people are, for example in youth centres, sports centres, hostels and colleges, will make reluctant readers take time to look carefully at reading materials. The justification for this is that it ensures that people are given easy access to books which they would not have sought otherwise. This shows the need to utilise environments which people are used to. There is need to provide a service in areas in which people are comfortable or else they will reject the service.

Die langtermyn impak van die leesbevorderingsprojek is nie deur hierdie loodsstudie gemeet nie en daar is ook nie bepaal of die plesier wat lesers aan hierdie publikasie gehad het, hulle sal motiveer om ander boeke ook te lees nie. Dit sal slegs in 'n meer uitgebreide studie ten opsigte van skaal en tyd bepaal kan word.

NOTAS

- 1 Daar word in die literatuur na “reading habit” verwys. Orellana (1972) definieer “reading habit” as die gewoonte om boeke te bekom en te lees.
- 2 Een van die navorsers het *Ses lekker lawwe lagboeke* saamgestel vanaf 2002 tot 2010 waarin grappe deur hoofsaaklik wit Afrikaanssprekende kinders versamel is. Hierdie boeke is besonder gewild (sommige is reeds ses maal herdruk) en word allereers gebruik om lees aan te moedig. Die boeke is egter vir die middelklasmark en kos tussen R50.00 and R60.00.
- 3 Grapboeke verwys na 'n boek wat 'n versameling grappe bevat wat op 'n bepaalde manier georganiseer is.
- 4 Soos dié wat versamel is vir die *Lekker lawwe lagboek*-projek.
- 5 In 'n soortgelyke projek wat in Oktober 2010 in Richmond plaasgevind het, het die naam Jan van Riebeeck in die volksmond verander na “Jan van Driebek” of bloot “Jan Driebek”.

BRONNELYS

- Agee, J. 2005. Literacy, aliteracy, and lifelong learning. *New Library World* 106 (1212/1213):244–252.
- Attenborough, 2000. The National Year of Reading. *New Review of Children's Literature and Librarianship* 6:103–113.
- Biz-community. 2010. *Research news: income distribution research shows high skew*. <http://www.bizcommuuty.com> (Toegang 1 Maart 2010).
- Chisholm, L. 2004. The quality of primary education in South Africa: background paper prepared for UNESCO Education for All Global Monitoring Report. http://www.hsrc.ac.za/research/output/outputDocuments/2872_Chisholm_Thequalityofprimary.pdf
- Chizwina, S. 2010. *An investigation into the landscape of reading promotion in South Africa*. Unfinished MA Dissertation: University of Pretoria.
- Cruz, P. 2003. *The library and the promotion of reading*. <http://www.ndl.go.jp/en/publication/cdnla0/048/484> (Toegang 17 Mei 2006).
- Elkin, J, Train, B & Denham, D. 2003. *Reading and reader development: the pleasure of reading*. London: Facet.
- FEDSAS. 2009a. Gehalte-onderrig wel moontlik, wys Fedsas-skole se matriekuitslae. Persverklaring, 15 Januarie. <http://www.fedsas.org.za/statements.asp> (Toegang 5 Desember 2010).
- FEDSAS. 2009b. Geldnood bedreig Noord-Kaapse skole weens departementele wanbestuur. Persverklaring, 10 Mei. <http://www.fedsas.org.za/statements.asp> (Toegang 5 Desember 2010).
- FEDSAS. 2010. Twyfelagtige besteding van miljarde rande skrikwekkend. Persverklaring, 11 Oktober. <http://www.fedsas.org.za/statements.asp> (Toegang 5 Desember 2010).
- Fleisher, B. 2008. *Primary education in crisis*. Pretoria: Unisa Press.
- Gallik, J. 1999. Do they read for pleasure? Recreational reading habits of college students. *Journal of Adolescent and Adult Literacy* 42(6):480–488.
- Glashoff, I. 1992. From reading promotion to media literacy: public library services for children and young people. *INTAMEL Metro: Giving the Global View* 28:330–332.
- Land, S. 2003. The state of book development in South Africa. *Journal of Education* 29:93–123.
- Le Cordeur, M. 2010. Help juffrou, ek kan nie lees nie. *Rapport*, 30 Okt 2010. <http://www.rapport.co.za> (Toegang 2 November 2010).
- Long, S. 2005. Who's reading in the United States. *New Library World* 106(1208/1209):80–82.
- Machet, M. 2005. *Young people's reading in South Africa: a pilot project*. Pretoria: Centre of Children's Literature.
- McKinley, D. 2010. South Africa: the history and character of 'black economic empowerment'. <http://allafrica.com/stories/printable/201103150144.html> (Toegang 18 Mei 2010).
- National Library of Malaysia. 2008. *Country Report*. <http://www.ndl.go.jp/en/cdnla0/meetings/pdf/CR2008-Malaysia.pdf> (Toegang 23 Junie 2007).
- Obanya, P. 2003. Towards a reading society, in Arua, A (ed). *Reading for all in Africa: building communities where literacy thrives*. Newark: International Reading Association:2–6.

- Odendaal, FF, Gouws, RH. 2009. *HAT 5: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Kaapstad: Pearson Education South Africa.
- Ogunrombi, S & Adio, G. 1995. Factors affecting the reading habits of secondary school students. *Library Review* 44(4):50–57.
- Olaofe, I. 2003. Building a reading culture in communities where adverse situations thrive, in Arua, A (ed). *Reading for all in Africa: building communities where literacy thrives*. Newark: International Reading Association:97–99.
- Print Industries Cluster Council. 2005. Draft framework for the National Book Policy to be submitted to the National Department of Arts and Culture in October 2005. <http://www.gov.za> (Toegang 18 Januarie 2006).
- Ribbens, R. 2008. Hypnotised by Gutenberg? a report on the reading habits of some learners in academia. *Journal for Language Teaching* 42(2):105–122.
- Rosenberg, D (ed). 2003. *Reader development and reading promotion: recent experiences from seven countries in Africa*. Oxford: International Network for the Availability of Scientific Publications.
- Rosi, M. 2005. *Book donations for development*. Toronto: UNESCO.
- Ross, C, McKechnie, L, & Rothbauer, P. 2006. *Reading matters: what the research reveals about reading, libraries, and community*. Westport: Libraries Unlimited.
- Sangkaeo, S. 1999. Reading habit promotion in ASEAN libraries. *Paper presented at the 65th IFLA Council and General Conference, August 20 – August 28, 1999, Bangkok, Thailand*.
- Sisulu, E. 2004. The culture of reading and the book chain: how do we achieve a quantum leap? *Keynote address at the Symposium on Cost of a Culture of Reading, 16-17 September, Pretoria* <http://www.nlsa.ac.za/NLSA/News> (Toegang 28 November 2010).
- Snyman, M. 2006. Die leesvoorkeure en leesgedrag van Afrikaanse kinders. *Mousaion* 24(1):145–179.
- Spencer, J & Mathieson, J. 2003. Time for a change: co-operative reader development working in the North West of England. *New Library World* 104(1193):391–403.
- Stats SA (Statistics South Africa). 2010. Unemployment: Quarterly Labour Force Survey (QLFS). <http://www.statssa.gov.za/keyindicators/qlfs.asp> (Toegang 6 Desember 2010).
- Suarez, R. 2009. AIDS orphans in South Africa face uncertain future. http://www.pbs.org/newshour/bb/africa/jan-june09/orphans_03-25.html (Toegang 16 Mei 2010).
- Sullivan, G. 1976. *A reason to read: a report on an International Symposium on the Promotion of a Reading Habit*. New York: Academy for Educational Development.
- Taylor, A. 2010. How the world rates SA. <http://www.southafrica.info/business/economy/global-surveys.htm#corruption> (Toegang 14 Augustus 2010).
- Tronbacke, B. 1996. Easy-to-read: an important part of reading promotion in the fight against illiteracy. *Paper presented at the 62nd IFLA Council and General Conference, 25–31 August 1996, Beijing, China*.
- Webb, C. 2010. Selling South Africa: poverty, politics and the 2010 FIFA World Cup. *Global Research* 24 March 2010. <http://www.globalresearch.ca> (Toegang 14 Augustus 2010).